



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensriverweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-07-24

Liewe Ouers

Welkom terug na die vakansie. Ons hoop al die Klein Lochies is ook bly om terug te wees. 'n Spesiale verwelkoming aan ons nuwe maats in verskeie klasse, asook ons nuwe Skoenlapper-juffrou wat aflos in Juffrou Paula se plek. Ons hoop julle gaan baie gelukkig wees. Juffrou Madri, ons hoop jy het reeds jou voete gevind en sien uit na die res van die jaar.

EKSTRA KLERE

Sal u asb. so gaaf wees om 'n ekstra stel wintersklere in u kind se tas te plaas. Met die reënweer is daar meer gevalle van kleuters wat nat raak en dan wil ons dit graag vervang met droë klere.

GRAAD R-INLIGTING:

UITSTAPPIE na GIRAFFE HOUSE: VRYDAG 31 JULIE

Ons beoog om op 31 Julie 'n uitstappie na Giraffe House te onderneem. Ons gaan van busvervoer gebruik maak. Koste beloop **R180 per kleuter**. Die groot busse raak baie duur, maar dit sal ons enigste uitstappie met die bus vir die jaar wees. Betalings moet op die D6-toepassing gedoen word, asb.

Reëlins rakende die uitstappie:

- Bus vertrek stiptelik om 08:00 vanaf Klein Lochieland en sal betyds terug wees vir buitemuurse aktiwiteite. Kleuters moet asseblief **betyds** afgelaai word en reeds om **07:30 by die skool wees**.
- Kleuters moet asb. hul skoolhempies of skool "fleecy tops" dra, gemaklike, toe skoene (waterstewels) en 'n warm baadjie. Dit is baie nat en modderig daar hierdie tyd van die jaar.
- 'n Kospakkie en koeldrank in die uitstappie-sakkies wat die kleuters by die bekendstellingsdag verlede jaar ontvang het, of 'n weggooi-bare plastieksak (**DUIDELIK GEMERK**). Moet asb. nie té veel kos inpak nie.
- Voltooi asb. die Google-vorm wat u per WA ontvang het om toestemming te verleen.

Ons tema vir die week is:

WILDE DIERE

Ons persepsies is:

Getal: **7, sewe en sewende**

Klank: **f-klank**

Assessering:

Klap lettergrepe

Gooi en vang 'n boontjiesakkie

Marsjeer, galop en huppel

Bou 3D voorwerpe

Maandag 27 Julie:

***Onthou ALLE rapporte en koeverte asb.
Bring prente wat met 'n f-klankie begin, asb.
Laaste dag vir uitstappiegeld: R180-00***

Dinsdag 28 Julie:

Ek teken my gunsteling wilde dier

Woensdag 29 Julie:

Teken 'n sebra en plak sewe strepe op sy lyf

Donderdag 30 Julie: Bak-en-Brou: 'n Leeu

Vrydag 31 Julie: **UITSTAPPIE NA GIRAFFE HOUSE!**

GRAAD RR-INLIGTING:

MARKDAG: VRYDAG 31 JULIE

Om by ons tema *Geld en inkopies* aan te pas, wil ons graag op Vrydag 'n Markdag hou. Koste beloop R50-00 per kleuter en is betaalbaar op die D6-toepassing voor of op Dinsdag 28 Julie. Die kleuters gaan die geleentheid kry om elkeen "self" items te koop en te verkoop. Die items word deur die skool verskaf.

BUITESPEL

Ons speel soggens van 08:15 tot 09:00 buite. Trek asb. u kleuter warm aan, dit is party oggende baie koud buite.

Ons tema vir die week is:

Ons persepsies is:

GELD EN INKOPIES

Getal: **2**
Klank: **b-klank**
Kleur: **Groen**
Vorm: **Vierkant**

Maandag 27 Julie: ***Onthou ALLE rapporte en koeverte asb.***

Dinsdag 28 Julie: ***Laaste dag vir Markdag-gelde: R50-00***

Woensdag 29 Julie: Ons teken 'n spaarvarkie

Donderdag 30 Julie: Ons leer meer oor note en munte

Vrydag 31 Julie: ***MARKDAG by die SKOOL!***

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

